



Woorde met en sonder 'n deelteken

Graad 3


Deelteken woorde:

WAT GEBEUR MET WOORDE WAT
'N DEELTEKEN HET?

'n Deelteken verander 'n woord se uitspraak.

Die funksie van 'n deelteken is om aan te dui dat twee klinkers wat na mekaar volg nie as 'n lang klank uitgespreek moet word nie, maar as twee verskillende klinkers.

'n Mens sou kon sê 'n deelteken gee 'n ekstra lettergreep aan 'n woord.




KOM ONS KYK NA DIE VOLGENDE DEELTEKEN WOORDE (FLIPPIE BL. 26)




Indien jy twyfel of jy 'n deelteken moet gebruik, vra jouself of dit die uitspraak van die woord sal verander. Indien nie, is die deelteken nie nodig nie.

breë
leë
vlieë
knieë



treë
moeë
tweë



uitsonderings:
droë
oë
hoë



KOM ONS KYK NA NOG VOORBEELDE
VAN DEELTEKEN WOORDE
(FLIPPIE BL. 26)



seën
reën



seël
voël



vroeër
uitveër



Woorde sonder 'n deelteken:

SOMMIGE WOORDE KLINK OF DIT
'N DEELTEKEN HET, MAAR DIT WORD
SONDER 'N DEELTEKEN GESKRYF.



Woorde met ae kry nie 'n deelteken nie.

KOM ONS KYK NA VOORBEELDE VAN WOORDE WAT
 KLINK OF HUL 'N DEELTEKEN MOET KRY, MAAR
 SONDER 'N DEELTEKEN GESKRYF WORD:
 (FLIPPIE BL. 26)


d**ae**
 vl**ae**
 sa**e**
 vr**ae**



pl**ae**
 kr**ae**
 sl**ae**



h**ae**
 sw**ae**
 m**ae**r



Skryf die volgende sinne oor en maak die deelteken woorde reg:

1. Die moee voel lê al vir dae op die lee nes in die hoe boom.
2. Die reen en hael val op die droe grond en my pappa se die Heer seen ons.
3. Die maer man gee groot tree en lig sy kniee hoog op terwyl hy `n bree glimlag op sy gesig het.
4. Ek het vroeer vandag in die spieel gekyk terwyl ek in twee getel het.
5. Mamma moet die bottel konfyt mooi seel voordat die vliee daarop gaan sit.



Lyk jou sinne so?

1. Die moeë voël lê al vir dae op die leë nes in die hoë boom.
2. Die reën en hael val op die droë grond en my pappa se die Heer seën ons.
3. Die maer man gee groot treë en lig sy knieë hoog op terwyl hy `n breë glimlag op sy gesig het.
4. Ek het vroeër vandag in die spieël gekyk terwyl ek in twee getel het.
5. Mamma moet die bottel konfyt mooi seël voordat die vlieë daarop gaan sit.

